

HOOFSTUK 111.

DIE ONTWIKKELING VAN DUIITS-ONDERWYS

OP DIE MIDDELBARE SKOOL.

1. Toespitsing: Die vraag wat in hierdie hoofstuk beantwoord moet word, is: hoe het die onderwys van Duits as derde taal in hierdie land ontwikkel binne die breër raamwerk van die ontwikkeling van ons algemene stelsel van middelbare onderwys, dit is -

- (i) wat was die lewensvatbaarheid van Duits in aansluiting by die lewensvatbaarheid van die middelbare onderwys in die algemeen, en welke spesiale faktore het hulself in die geval van Duits as middelbare skoolvak laat geld; en
- (ii) in watter rigting het die algemene onderwyspraktyke vir Duits (dit is, leerplanne en onderwysmetodes) beweeg?

2. Lewensvatbaarheid in sy historiese verband.

(a) Na hierdie aspek van Duits-onderwys is daar enige jare gelede reeds 'n omvattende ondersoek ingestel wat een van twee dele van 'n doktorsale proefskrif beslaan¹. Vir die doel van hierdie verhandeling verlang ons hier, egter, net 'n paar van die hoofteite wat die breë historiese agtergrond aanwys.

(b) De Jager haal verskillende outoriteite aan (Theal, Colenbrander, Preller) om aan te toon dat daar 'n aansienlike persentasie Duitse bloed in ons Afrikaanse volkstruktuur is, wat in 'n ander bron as volg aangegee word: 50% Hollands, 27% Duits, en 17% Frans². Voeg hierby die idiomatiese verwantskap tussen Duits en Afrikaans en die feit dat daar van meet af aan 'n goeie

1. Kotze: "Duits en die Duitse Onderwyser in Suid-Afrika". D. Phil.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, s.j. (1938?).

2. a. De Jager: "'n Kritiese Onderzoek na die Leerplanne en Leerboeke vir Duits op die Suid-Afrikaanse skole", 2 - 3.
b. Sien "The Year Book of Education 1938", bl. 854.

gesindheid tussen die Duitse regering en die twee Boererepublieke en handelsbetrekkinge met Duits-Wes-Afrika bestaan het, en 'n mens sou kon verwag dat die studie van Duits 'n belangrike plek by die Afrikaanssprekende bevolking sou inneem¹.

Ons vind egter dat die periode voor die oornome van die Matrikulasieraad in 1918 die teendeel bevestig het: weens die leerplanbeperkings van die ou Kaapse Universiteit was dit feitlik onmoontlik dat Duits na die Afrikaanssprekende bevolking van die platteland kon deurdring, sodat dit grotendeels 'n stedelike vakgebly het waarvoor die aanvraag uit die geledere van die Duitssprekendes en (vreemd genoeg) van sekere stedelike Engelse skole gekom het as alternatief teenoor Hollands en Frans. Met Engels en Latyn as verpligte vakke en Duits as keusevak teenoor ander tale insluitende Hollands, kon die Afrikaanssprekende leerling hom nie vir Duits aanmeld sonder om daardeur die studie van Hollands prys te gee nie². Die posisie is ook nie veel verbeter deur die leerplanhersiening van 1912 waarvolgens daar 'n keuse gelaat is tussen Engels A of Hollands A³, en met die instelling van die Kaapse Senior Sertifikaat-eksamen in 1910 nie, aangesien die Afrikaanssprekende leerling nooit onverskillig gestaan het teenoor die studie van Engels nie⁴, en die Senior Sertifikaat waarvoor 'n derde moderne taal naas die twee landstale aangebied kon word in die plek van Latyn, geringe aandag geniet het weens die heersende matrikulasietradisie⁵. Die skrywer kan hom nie vereenselwig met 'n interpretasie as sou die studie van Duits langer uitgebly het in die Vrystaat vanweë die groot houvas van die Latyn-tradi-

1. a. Kotze: "Duits en die Duitse Onderwyser in Suid-Afrika". D. Phil.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika" 38.

b. De Jager: "'n Kritiese Onderzoek na die Leerplanne en Leerboeke vir Duits op die Suid-Afrikaanse Skole", 4.

2. Sien leerplanvereistes van die ou Kaapse Universiteit, Hoofstuk 11, 4 (c).

3. Ibid.

4. Vergelyk: a. Malherbe: "Education in South Africa", 320-321.
b. Lugtenburg: "Geschiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek", 121.

5. Sien Hoofstuk 11, 4 (d).

sie terwyl dit teen 1895 reeds veld sou gewen het in die Kaap ten koste van (onder meer) Grieks en Latyn nie¹, omdat die verpligting van Latyn vir die matrikulasio-sertifikaat alle provinsies in dieselfde mate gegeld het². Vir die Duits- en Engels-sprekende gedeeltes van die bevolking wat meer onverskillig gestaan het teenoor die studie van Hollands was die pad aanvanklik meer oop vir die keuse van Duits as vak.

Dr. Kotze wys daarop dat die studie van Duits in die begin net beperk gebly het tot die distrikte waar die Duitse koloniste hul gevestig het soos sekere dorpe in die Oostelike Provinsie (Kingwilliamstown, Oos-Londen, en ander waar daar reeds in 1880 'n begin gemaak is met die onderwys van Duits as middelbare skoolvak), weens die groot tekort aan onderwysers wat bevoeg was om moderne vreemde tale te onderwys in 'n tydperk toe Latyn en Grieks die toneel oorheers het³. In hierdie verband was Frans in 'n baie gunstiger posisie gedurende die 19de eeu weens die feit dat die ou kultuurbande tussen Engeland en Frankryk saam met die Engelse tradisie aan die Kaap oorgeplant is sedert die tyd van Lord Charles Somerset. Ten spyte van hierdie faktore is Frans geleidelik deur Duits verdring in 'n paar Engelse skole in stedelike gebiede, waarvan die Hoër Meisieskool in Kimberley en 'n paar Rand-skole na die Tweede Vryheidsoorlog spesiaal genoem moet word⁴. Daar is geen beskikbare syfers wat die presiese posisie vir die verskillende bevolkingsgroepe aantoon nie, maar met die feite onder beskouing kan daar met veiligheid aangeneem word dat dit wel die uitsondering op die reël sou gewees het as 'n Afrikaanssprekende leerling óf die studie van Hollands óf die begeer-

1. Vergelyk Kotze: "Duits en die Duitse Onderwyser in Suid-Afrika", 3, 23, 38.

2. Sien Hoofstuk 11, 4 (b) en (c).

3. Kotze: Op Cit. 1 - 2.

4. Sien: a. Cape of Good Hope: Report of the Superintendent-General of Education, 1893 (bl. XXVIII).
b. Transvaal Education Department, Report, 1903, (bl. 39).

de matrikulasie-sertifikaat sou prysgegee het ter wille van die studie van Duits. Hierdie toedrag van sake het met minder belangrike afwykings tot 1918 voortgeduur.

(c) Met die eerste eksamen van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad in 1918 het daar reeds 'n groot verandering ingetree toe Duits as keusevak teenoor Latyn gestel is¹, sodat die studie van hierdie taal nou vir die eerste keer vir die Afrikaanssprekende bevolking van die platteland toeganklik gemaak is sonder dat Hollands of Engels prysgegee moes word. Hierdie gebeurtenis het die studie van Duits so 'n groot voorwaartse stoot gegee dat die aantal kandidate van 1919 tot 1921 meer as verdubbel het², hoewel die Latyntradisie nog vir baie jare 'n houvas sou hê op 'n groot gedeelte van die bevolking wat dieselfde tradisionele vakke vir hul kinders begeer het as dié waarmee hul opgevoed is.

In hierdie tyd het daar ook 'n groot verandering van rigting plaasgevind: deur die antipatie wat daar deur die eerste Wêreldoorlog opgewek is teen alles wat Duits is, het daar onder die Engelssprekendes weer 'n groter aanvraag na Frans ten koste van Duits ontstaan, met die gevolg dat die aantal kandidate vir Duits van 1914 tot 1918 'n skielike daling getoon het³. Elke praktiese Duits-onderwyser weet dat dit vandag wel die uitsondering is as Engelssprekende kandidate hul vir Duits aanmeld, en die snelle uitbreiding van Duits na 1918 moet dan toegeskryf word aan die feit dat dit sedertdien al hoe meer 'n plattelandse vak geword het, waar dit meer in die smaak van die Afrikaanssprekende bevolking geval en die Latyn-tradisie geleidelik verdring het. Hierdie omstandigheid word verklaar uit en verklaar die feit dat

1. Sien Hoofstuk 11, 4 (c).

2. G.M.R. : Verslae van Eksaminatore, 1921.

3. Vergelyk: a. De Jager: "'n Kritiese Onderzoek na die Leerplanne en Leerboeke vir Duits op die Suid-Afrikaanse Skole", 11.
b. Kotze: "Duits en die Duitse Onderwyser in Suid-Afrika", 7 - 8.

Duits-onderwys tot vandag toe 'n heel ondergeskikte rol gespeel het in die Engelssprekende Natal, terwyl dit die grootste opgang gemaak het in die Vrystaat wat die grootste Afrikaanssprekende en plattelandse bevolking het, ten spyte van die feit dat dit in laasgenoemde provinsies eers met die oorname van die eksamenfunksie deur die Matrikulasieraad (in 1918) sou saamval, en gevolglik as 'n veel meer resente ontwikkeling beskou moet word as in die Kaap en Transvaal¹.

(d) By die berekening van die interpretasie-waarde van bogenoemde feite moet daar ook 'n antwoord gevind word op die vraag in hoever die keuse van Duits as vak die resultaat van die heersende matrikulasie-tradisie is, dit is: moet die aanvraag vir Duits onder alle omstandighede as 'n egte lewensbehoefte gesien word, of is dit in sekere opsigte 'n gedwonge keuse binne die raamwerk van ons eksamenstelsel?

Vir 'n antwoord op hierdie vraag moet daar rekening gehou word met die feit dat die matrikulasie-vereistes tot 1931 die studie van 'n derde taal en matesis verpligtend gemaak het, terwyl daar na 1931 minstens een van hierdie vakke vereis is². Hierdie vereiste moet noodwendig 'n groot persentasie leerlinge op die St. VII-trap na die keuse van 'n derde taal dwing, omdat die kind deur ons stelsel van middelbare onderwys verplig word om op hierdie stadium reeds sy sogenaamde "matriek"-vakke te kies en daarby ook die deur na die universiteit oop te hou met die oog op moontlike gebeurlikhede. Dis dan te begrype dat die Afrikaanssprekende leerling in die reël voorkeur sal gee aan 'n verwante Germaanse taal bo die studie van Latyn; om te beweer dat die opkoms van Duits as skoolvak slegs aan 'n begeerte om Duits

1. Sien: a. Bulletin van Onderwys-statistiek vir die Unie van Suid-Afrika, 1939, bl. 52 (syfers vir 1938).
b. Ibid. 1947, bl. 43 (syfers vir 1947).
c. Jaarverslag van die Vrystaatse Onderwysdepartement, 1918, bl. 52.

2. Sien Hoofstuk 11, 4 (c) en 5 (a).

te leer, toegeskryf moet word, sou nie die volle waarheid wees nie.

(e) In die periode na 1918 het daar ook 'n groter sekerheid in die opvattinge in sake die presiese plek van Duits in sy verband met ander tale in die leerplan gekom. Voor 1918 is die keuse van Duits teenoor die tweede landstaal soms as 'n tweede en soms as 'n derde taal (ná Latyn as verpligte vak) in die leerplanne van die ou Kaapse Universiteit aangegee¹. Sedert 1918 sou dit egter saam met Latyn en die ander tale waarteenoor dit as keusevak gestaan het, in die ware sin van die woord as 'n derde taal beskou word na die twee landstale, Hollands en Engels, omdat dit -

(i) konsekwent as 'n derde taal genoem word in die leerplanne van die Matrikulasieraad², en

(ii) uit die vergelykende statistieke blyk dat sowel Engels as Hollands (Afrikaans) mettertyd deur die grootste gros leerlinge gekies is³.

Na 1919 is Duits in Suidwes-Afrika ook slegs as derde taal toegelaat⁴; en hoewel die Matrikulasieraad 'n spesiale leerplanvoorsiening gehad het vir die erkende Duitse hoërskole in hierdie geweste as gevolg waarvan 'n heel geringe aantal kandidate hul jaarliks vir Duits op die hoër graad aangemeld het tot 1932 en weer van 1941 tot 1945⁵, was dié praktyke die hoë uitsondering

1. Sien onder meer "The Cape of Good Hope University Calendar, 1907-1908" en die "University of the Cape of Good Hope Calendar, 1916-1917".

2. Sien "Joint Matriculation Board Matriculation Examination", 1918 en volgende uitgawes.

3. Sien Statistieke vir 1924-1940, "Bulletin van Onderwysstatistiek, 1947", bl. 43-45.

4. Lemmer: "Onderwys in Suidwes-Afrika", 131.

5. Sien -

a. Verslae van eksaminatore, en

b. verskillende leerplanne

vir die Matrikulasie-eksamen sedert 1918.

wat in elk geval buite die bestek van hierdie verhandeling val. Vandag word daar in geen leerplanne in ons land enige spesiale voorsiening vir die Duitssprekende groep ten opsigte van die aanbieding van Duits op die hoër graad gevind nie.

3. Die ontwikkeling van die leerplan vir Duits as derde taal.

(a) Deur 'n insage in die Matrikulasie-, Skooleind- en Juniorsertifikaat-leerplanne en -eksamenvraestelle van die verskillende eksaminerende liggame sedert die oorsprong van die Matrikulasieraad by die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop in 1918, en dié van genoemde universiteit voor 1918, word 'n baie lang geskiedenis in verband met die leerplansamestelling vir Duits as derde taal langs die verskillende weë van die onderskeie eksaminerende liggame ontvou. Soos elders in hierdie en die vorige hoofstukke waarin die historiese verbande nagespoor word, verlang ons hier ook slegs 'n oorsigtelike beeld waaruit die mees opvallende rigtings van ontwikkeling kan blyk, in welke verband die verskillende St. X-leerplanne waarop die onderwys in die vroeëre klasse afstuur, as uitgangspunt geneem, en die Juniorsertifikaat-leerplanne terloops bygehaal word vir sover laasgenoemde verder lig mag werp op sommige gesigspunte van die saak onder beskouing.

Hoewel die feit dat sommige van die vroegste leerplanne en eksamenvraestelle geen punte-indeling vir die verskillende afdelings van die werk bevat nie, hier enigsins as 'n beperkende faktor vir 'n volledige beeld gegeld het, kon die skrywer in die meeste gevalle sekere verlangde besonderhede wat nie volledig genoeg uit die leerplanne geblyk het nie, uit die ooreenstemmende eksamenvraestelle vir die betrokke jare aanvul.

(b) Die vroegste Kaapse leerplanne vir Duits en ander moderne tale soos Hollands en Frans was suiwer op die klassieke lees geskoei, en slegs op vertalings en grammatika van die mees "formele" soort toegespits, met algehele uitsluiting van Literatuur en Stelwerk. Dit was die geval met sowel die ou "Intermediate"-

eksamen as die gewone skoolksamens vir Skoolhoër en Matriek; en vir die "Intermediate" word die beperking tot die taalgedeelte en die uitsluiting van die Literatuur nie alleen duidelik gespesifiseer nie, maar het dit ook as die enigste leerplan-aanduiding gegeld¹. In Hoofstuk 11, 4 (d) het dit reeds geblyk dat die leerplan-aanduidings vir die meeste middelbare leervakke nog baie vaag was tot 1899, en dat die klaskamerpraktyke hoofsaaklik op die eksamenvereistes afgestuur het. Voor 1898 was die matrikulasie-vereistes vir die moderne tale byvoorbeeld nog deur geen vaste leerplan bepaal nie, hoewel die groot rol wat die Vertaling in hierdie eksamen gespeel het, duidelik blyk uit die volgende ontleding van een van die tipiese matrikulasievraestelle vir Duits in hierdie tydperk²:

Vraag 1: Grammatika-vragies.

" 2: Vertalings van sinne (a) in Duits;
(b) in Engels
(ongeveer 5 reëls elk).

" 3: (a) Grammatika-vrae (van die formele resep).
(b) "Parse! Ihr wart gekommen; wir würden gesprochen haben;" en ander.

"4 en 5: Vertaling in Duits (Sinne);
Vertaling in Duits (Kort-paragrafie).

" 6: Vertaling in Engels (Paragraaf).

2 7: Vertaling in Duits (2 lang paragrawe).

'n Nouer korrelasie met die gangbare vertalingspraktyke in die onderwys van die klassieke tale kan 'n mens jou nouliks voorstel.

In 1896 word die matrikulasieleerplan vir Hollands, Duits, Frans en Bantoetale as volg in die vooruitsig gestel vanaf 1898³:

"The paper in any one of these languages will be divided into three parts, each part having the same number of marks assigned to it, and requiring about the same time for answering, viz. :

Part I. - Accidence, Simple Syntax, Parsing, and Analysis of Sentences.

Part II. - Translation into English of (a) some detached sentences, (b) a continuous passage or passages.

Part III. - Translation from English of (a) some detached sentences, (b) a simple continuous prose passage".

In 1906 val die "Parsing and Analysis of Sentences" weg, sonder

1. "The Cape of Good Hope University Calendar, 1895-1896", LX, XCVI.

2. Ibid. bl. 25 - 26.

3. Ibid. 1896 - 1897, bl. LXIX.

dat die gees van die leerplan daardeur egter enigsins verander is¹. Die uitsluitlike grammatika-vertalings-praktyke is nog getrou gehandhaaf tot 1910, na welke datum die leerplanne in die moderne tale vir die eerste keer geringe afwykings van die klassieke model getoon het as gevolg van die volgende toevoegings:

- (i) 'n opstel van 120 woorde (1911)² wat in 1922 tot 'n bladsy opgeskuif is deur die Matrikulasieraad³; en
- (ii) vertalings uit 'n voorgeskrewe werk of werke met vrae oor die inhoud (1915)⁴.

In die vervolg sou die leerplan dus uit die volgende 5 afdelings bestaan: Grammatika, Vertalings in Duits, Vertalings uit Duits, Opstel, en Voorgeskrewe Werk, terwyl die Begripstoetse eers veel later (in 1937) in die Kaapprovinsie, en daarna in sommige ander leerplanne bygekom het.

(c) Nadat die matrikulassie-eksamen van die ou Kaapse Universiteit onder die toesig van die Matrikulasieraad te staan gekom het in 1918, het die verskillende onderwysdepartemente mettertyd hul eie eksamens begin instel⁵ en het hul leerplanne in verskillende rigtings ontwikkel onder toesig van die Raad, sodat die mees opvallende feite in verband met die leerplan-ontwikkeling

1. "The Cape of Good Hope University Calendar, 1906-1907, bl. 87.

2. Ibid. 1910-1911, bl. 328.

3. Joint Matriculation Board Matriculation Examination, Handbook 1922 (bl. 40).

4. University of the Cape of Good Hope Calendar, 1914-1915, bl. 84.

5. Sien Hoofstuk 1, 8 (b).

vir Duits as volg saamgevat kan word¹:

(i) Die Matrikulasielerplan van die G.M.R. het nog altyd 'n besonder hoë aantal punte ('n maksimum van 80/300) aan die Vertalings in Duits toegeken. In 1943 vind daar 'n belangrike rigtingverandering plaas met die afskaffing van die opstel (60 punte) en die instelling van die Begripstoets (40 punte) in die plek daarvan, terwyl die punte vir die Vertaling uit Duits van 50 tot 70 verhoog is.

(ii) Die Transvaalse Eindsertifikaat-leerplan het in 1931 'n geheel enigsoortige afwyking getoon deur die weglating van die Vertalings uit Duits. Vir die mondelinge eksamen (60/300 punte) is daar oorspronklik 200 reëls prosa en poësie vereis (100 elk), terwyl daar nog altyd een-derde van die punte aan die Skoolrekord toegeken is (tans 150/450 punte). In 1942 vind daar in hierdie leerplan die volgende belangrike rigtingverandering plaas as 'n voorloper vir dié van die G.M.R. in 1943: die Opstel word afgeskaf, en in die plek daarvan vind ons die her-instelling van die Vertalings uit Duits (50/300 punte) en die instelling van die Begripstoets (25/300 punte). Aan die Voorgeskrewe Werk (4 boeke) is 100 punte toegesê, terwyl die Vertalings in Duits slegs 25/300 punte sou tel teenoor die 80/300 van die G.M.R. In 1947 word die punte vir laasgenoemde afdeling egter weer verhoog tot 40/300, terwyl die eksamenwaarde van elkeen van die volgende afdelings

1. Vergelyk:

- a. "Joint Matriculation Board: Matriculation Examination". Handboeke, 1918-1949.
- b. Universiteit van Suid-Afrika: "Eksamen vir die Junior-sertifikaat", Handboeke, 1918-1949.
- c. Transvaalse Onderwysdepartement: (i) "Transvaalse Eindsertifikaat van die Middelbare Skool". Handboeke 1921-1949. (ii) "Transvaalse Junior-sertifikaat-eksamen". Handboeke 1932-1947.
- d. Departement van Openbare Onderwys, Kaap die Goeie Hoop: "Leerplan vir die Middelbare Skool". Handboeke vir Junior- en Senior-sertifikaat, 1921 (1923)-1948.
- e. Unie-Onderwysdepartement: "Handbook of National Courses of Study, Syllabuses, and Examinations". Uitgawes vir 1932-1948, plus eksamen-vraestelle vir punte-indelings (1930-Feb. 1949, volledig).
- f. Onderwysdepartement, O.V.S.: (i) Junior-sertifikaat-Eksamen. Handboeke 1933-1947. (ii) "Skool-eindsertifikaat. Leerplanne en Regulasies". 1939-1947 (verskillende uitgawes).

met 5 punte verlaag is, dit is:

Vertalings uit Duits	45;
Grammatika.....	35;
Begripstoets.....	20.

(iii) Die Kaapse Seniorsertifikaat-leerplan het die voortou geneem met sowel die instelling as die afskaffing van die Begripstoets. Tot 1936 is daar dieselfde hoë aantal punte aan die Grammatika-afdeling toegeken as in die Matrikulasie-eksamen van die G.M.R., naamlik 80/300. In 1937 is die Begripstoets egter ingestel (40/300 punte), en is die punte vir die Grammatika tot 60 verlaag. Toe die Begripstoets in 1941 weer afgeskaf is, is die oorblywende 5 afdelings van die werk tot 60 punte elk opgeskuif terwyl die volgende verskuiwings in 1944 plaasgevind het:

Vertalings uit Duits: 70 punte; Vertalings in Duits: 50 punte;

Voorgeskrewe Werk: 70 punte; Grammatika: 50 punte.

(iv) Die Nasionale Seniorsertifikaat van die Unie-onderwysdepartement het in 1932 uit die Senior Handelsertifikaat ontwikkel vir matrikulasie-vrystellingsdoeleindes, en het van die begin af 'n groot premie op die Opstel en die Voorgeskrewe Werk geplaas waaraan daar tot 1937 ongeveer 65 persent van die punte toegeken is (25% en 40% onderskeidelik), en 50 persent sedert 1938 (20% en 30% onderskeidelik), met die orige 50 persent van die punte min of meer gelykop verdeel tussen die twee soorte Vertalings en Grammatika, hoewel daar periodieke afwykings in die puntetoekenning vir hierdie afdelings voorgekom het. In 1944 word die Begripstoets ingestel waaraan daar 'n heel geringe aantal punte toegeken is wat van 9 tot 15 uit 200 gewissel het. Waar die eksamen vir die ou Handelsertifikaat voor 1932 die Grammatika-afdeling geheel en al uitgesluit het, is die punte vir hierdie afdeling sedert 1932 geleidelik opgeskuif van 5% tot 15% in 1938. In die Vertalings-afdelings het daar met die jare heelwat skommelings voorgekom: in 1938 is daar byvoorbeeld 40/200 punte aan Vertalings in Duits toegeken en 30/200 aan Vertalings uit Duits; van 1939-1943 was die orde min of meer omgekeer; in 1944 is die punte ongeveer gelykop verdéel, en sedertdien het die aksentverskuiwing weer ge-

leidelik ten gunste van die Vertalings in Duits plaasgevind. Met die punte vir die Opstel en die Voorgeskrewe Werk min of meer bestendig, het daar in die orige vier afdelings van die werk nog altyd groot skommelings en afwykings voorgekom.

(v) Die Skooleindleerplanne van die O.V.S. het sedert die instelling van dié eksamen in 1939 nog heel weinig veranderings ondergaan. Aan die Opstel, Grammatika, en Vertalings in Duits is daar elk nog konsekwent 'n maksimum van 20% van die punte toegeken, met 25% aan die Voorgeskrewe Werk (3 boeke), en 15% (45/300) aan die Begripstoets en Vertalings uit Duits gesamentlik (20 en 25 punte onderskeidelik). Die begripstoets is hier dus ten koste van die Vertalings uit Duits ingestel, en nie ten koste van die Opstel soos in die Transvaal en die Matrikulasie-eksamen nie, hoewel ons hier die interessante en enigsoortige ontwikkeling vind dat die kandidate in die derde voorgeskrewe vraag die keuse van 'n stuk vertaling uit Duits het waardeur die maksimum punte vir hierdie afdeling tot 50/300 verhoog en dié vir die Voorgeskrewe Werk tot die gelyke aantal punte verlaag kon word. Sedert 1947 is die Begripstoets egter afgeskaf en die volle 45 punte aan die Vertalings uit Duits toegeken, met die moontlikheid van 'n verdere verhoging van die punte vir hierdie afdeling tot 'n maksimum van 70/300 deur die genoemde alternatiewe vraag.

(vi) Ook wat die Junior Sertifikaat-leerplanne betref, is daar heel weinig eenvormigheid te bespeur. Die Universiteit van Suid-Afrika het nog altyd by die drie afdelings van die ou Kaapse Universiteit gebly, naamlik Grammatika, Vertalings in Duits, en Vertalings uit Duits; die Kaapse Departement het 'n Opstel hierby gevoeg en nog deurgaans 25% van die maksimum aantal punte aan elk van hierdie vier afdelings toegeken tot Desember 1948 (ook aan die Opstel!); die Vrystaat het 25% van die punte tussen die Opstel en die Voorgeskrewe boekie verdeel (10% en 15% onderskeidelik); vir die Nasionale Junior Sertifikaat en die Transvaalse Junior Sertifikaat is die Opstel, Voorgeskrewe boekie en Vertalings in Duits afgeskaf, en Begripstoetse en ander soorte oefeninge in die plek daarvan gestel wat meer volledig bespreek word

in Hoofstuk V, waar dit onder meer sal blyk dat die leerplanne vir die Transvaalse Juniorsertifikaat 'n geheel nuwe rigting ingeslaan het wat radikale afwykings van die tradisionele leerplanne toon - 'n vernuwing wat van die begin af 'n kenmerk van hierdie leerplanne was.

4. Die leerplan en die onderwysmetode.

(a) Die rigting waarin die leerplanne beweeg het, sou ook 'n vanselfsprekende invloed uitgeoefen het op die ontwikkeling van die onderwysmetodes vir Duits as middelbare skoolvak, omdat daar in die taalonderwys altyd 'n duidelike verskil tussen sekere breë metodiese rigtings bestaan wat reeds in 'n groot mate by die leerplan en eksamenvereistes inbegrepe is, byvoorbeeld die grammatikale teenoor die mondelinge benadering van die taalstudie, en die woordelike vertalingsmetode teenoor die leesmetode en die begripsontwikkelings-metode. Waar die aksent in die ou Kaapse leerplanne tot 1910 byvoorbeeld **slegs op Grammatika** en Vertalings geval het, sou 'n mens jou nouliks kon voorstel dat die onderwysmetodes wat op die eksamenvereistes moes afstuur in die eksamen-besette stelsel wat hier in ons suidhoek ontwikkel het¹, enige besondere afwykings sou getoon het van dié wat algemeen in gebruik was by die klassieke tale: die vroeë Kaapse leerplanne wat die waarde van literêre studies en lees- en mondelinge werk by die onderwys van die moderne tale misken het, het laasgenoemde nog geensins tot die status van lewende tale verhef nie, en sowel die leerplanne as die onderwysmetode het baie sterk onder die invloed van die klassieke tradisie gestaan.

(b) Afgesien van die feit dat daar by enige aksentverskuiwing in die leerplanne ook 'n ooreenstemmende aksentverskuiwing in die breë metodiese rigtings verwag moet word, kan dit vir die

1. Sien Hoofstuk 1. 8 en Hoofstuk 11. 5.

doel van hierdie verhandeling ook van belang wees om te let op sommige van die indrukke wat die eksaminatore van die werk van die kandidate weggedra het soos blyk uit hul jaarlikse verslae. Enige gesigspunte in verband met die grammatika-onderwys en mondelinge werk verdien hier nadere vermelding. Waar dit in 1918 die bevinding van die eksaminator vir die matrikulasie-eksamen was dat die verbuiging van die selfstandige en byvoeglike naamwoorde baie moeilikheid besorg het, kon daar in 1923 reeds 'n besliste voorde- ring in dié verband gemeld word. Dat die sogenaamde nuwere meto- des in die taalonderwys teen ongeveer hierdie tyd ook na sekere onderwyskringe in Suid- Afrika begin deurwerk het, blyk uit min- stens een van die vroeëre rapporte waarin ons die volgende lees¹: "Het blijkt duidelijk dat vele scholen Duits onderwÿzen door de 'direkte methode'; maar de resultaten met betrekking tot zaken in verband met de spraakkunst zÿn dikwels teleurstellend om de eenvou- dige reden dat de beginselen van de "direkte methode" niet heelte- maal begrepen of konsekwent in toepassing gebracht worden". Die feit dat die eksaminatore dit soms noodsaaklik gevind het op grond van die indrukke wat die werk van die kandidate op hul nagelaat het, om die nodige leiding in hierdie verband te gee, kan as 'n aanduiding dien van 'n groot mate van onsekerheid in sake die ge- bruik van of die direkte of die grammatika metode. In 1927 lê die eksaminator vir die Matrikulasieraad spesiale nadruk op die feit dat die vak in baie sentra nog te bloot teoreties onderwys word, en dat Duits as voertaal gebruik moet word in die meer gevorderde kÿlasse. In die G.M.R.-rapporte vir 1929 en 1930 vind ons weer- eens 'n paar teregwysigings van die eksaminatore met dieselfde strekking; en die feit dat die saak sedertdien heelwat aandag geniet het in die verslae van die eksaminatore van die verskil- lende eksaminerende liggame², moet hier as 'n bewys geld dat die

1. 1920 Verslag van die eksaminator in Duits vir die Junior- sertifikaat van die Universiteit van Suid-Afrika.

2. Sien onder meer rapporte van eksaminatore vir
a. Matrikulasie-eksamen, 1931;
b. O.V.S. Skooleind-eksamen, 1941 en 1943;
c. O.V.S. Juniorsertifikaat-eksamen, 1937 en 1941;
d. Transvaalse Juniorsertifikaat-eksamen, 1942.

behoefte aan die mondelinge metodes van taalonderwys gaandeweg sterker gevoel is, maar dat die onderwysers om redes wat **nadere** ondersoek verdien, nog nie hul weg oopgesien het om van die ou paaie af te wyk of om die nuwere metodes op die regte wyse toe te pas nie.

5. Die klassieke tradisie, onsekerheid en rigtingloosheid.

(a) By die naspeuring van die ontwikkeling van die onderwysmetodes sou 'n mens die volgende duidelike invloede en strominge bemerk wat ewe-eens die leerplan-ontwikkeling gekenmerk het:

(i) Die klassieke tradisie het homself deurgaans laat geld. In die leerplanne is daar nog altyd 'n traagheid om weg te breek van die formele grammatika-vertalings-praktyke ten gunste van mondelinge werk wat meer by die karakter van 'n moderne taal pas, bespeur, en is dit nog net die Transvaalse leerplanne wat met 'n meerdere mate van sukses in laasgenoemde rigting ontwikkel het, hoewel die leerplanne vir die Nasionale eksamens van die Unie-onderwysdepartement in 'n nog groter mate van die vertalingspraktyke afgewyk het sonder om daardeur egter die mondelinge praktyke te erken; en die onderwysmetodes het op so 'n merkwaardige wyse met hierdie leerplan-ontwikkeling tred gehou, dat die eksaminatore dit dikwels nodig geag het om daaraan te herinner dat die vak te teoreties onderwys word, en dat die mondelinge metodes van taalonderwys meer tot hul reg behoort te kom.

(ii) Uit die verslae van die eksaminatore blyk dit, dat daar ook met betrekking tot die onderwysmetode 'n groot mate van onsekerheid en rigtingloosheid bestaan het in die verlede, veral wat betref die toepassing van die beginsels van die mondelinge en grammatikale metodes. Dan is dit ook waar dat selfs die eksaminatore, wat die rigting probeer aangee het in hul verslae, soms misgetas het in hul oordeel in sake die werk van die kandidate, en teenstrydige verslae uitgebring het waarvoor die volgende as die mees klassieke voorbeeld aangehaal kan word: In 1942 vind die eksaminator vir die Transvaalse Juniorsertifikaat-eksamen dat

die vak in die meeste skole baie deeglik onderrig word, terwyl die eksaminator vir die Vrystaatse Skooleindeksamen 'n jaar later die ontdekking maak dat die doseer van Duits in die meeste skole veel te wense oorlaat! Wie moet (in die woorde van C.J. Langenhoven) nou die beoordelaars beoordeel om groter sekerheid en 'n duideliker rigting aan te wys!

(b) Hierdie onsekerheid en rigtingloosheid word egter in die hoogste mate in die geskiedenis van die leerplan-ontwikkeling gevind waarby daar in die St. X-leerplanne van die verskillende eksaminerende liggame net twee gemeenskaplike rigtingsontwikkelings plaasgevind het, naamlik:

(i) die verhoging van die punte vir die Vertalings uit Duits (herinstelling van hierdie afdeling deur die Transvaalse Onderwysdepartement in 1942; verhoging van 50 tot 70 punte deur die G.M.R. in 1943; verhoging van 60 tot 70 punte deur die Kaapse Onderwysdepartement in 1944; afskaffing van die Begripstoets deur die O.V.S. ten gunste van hierdie afdeling in 1947); en

(ii) die verlagings van die punte vir die Grammatika-afdeling:

G.M.R.	- 40/300 punte sedert 1935;
K.P.	- vermindering van 60 tot 50 (uit 300) punte in 1944;
Transvaal	- vermindering van 40 tot 35 (uit 300) punte in 1947.

(Die O.V.S. het hier nog altyd op die 20% kerf van die maksimum aantal punte gebly, terwyl die Unie-onderwysdepartement deurgaans 'n geringe aantal punte aan hierdie afdeling toegeken het).

'n Baie merkwaardige gesigspunt is, egter, die teenstrydige rigtingsontwikkeling in die verskillende leerplanne. Daar bestaan nie alleen groot verskille ten opsigte van die maksimum aantal punte vir die verskillende afdelings van die werk waarvoor sowel die Juniorsertifikaat- as die St. X-leerplanne van die onderskeie eksaminerende liggame voorsiening gemaak het nie, maar die feit dat sommige afdelings van die werk periodiek oor boord gedoen en later weer ingestel is deur die betrokke outoriteite, dui daarop dat daar nog geen duidelikheid bestaan het aangaande die rigting waarop ons praktyke moet afstuur nie. Ek noem slegs drie voorbeelde wat as genoegsame bewys kan dien:

(i) In 1931 word die Vertalings uit Duits deur die Transvaalse Onderwysdepartement afgeskaf, terwyl daar in 1942 met die herinstelling van hierdie afdeling 'n hoë aantal punte daaraan toegeken is.

(ii) Daar heers 'n groot mate van onsekerheid aangaande die billikheid van die deurlopende prosastuk by die vertalings. Waar die Kaapse Eksamenkommissie van 1941 af weggedoen het met die losstaande sinne en hul slegs by prosastukke bepaal het vir albei vorms van vertaling, het die Transvaalse Onderwysdepartement 'n jaar later afstand gedoen van die prosastuk by die Vertalings in Duits, en dit in 1947 weer ingestel op die aanbeveling van die Transvaalse Raad van Moderatore.

(iii) Die merkwaardigste teenstrydigheid in die leerplan-ontwikkeling van die verskillende eksaminerende liggame vind ons in die geskiedenis van die Begripstoets en die Opstel. Waar die Kaapse Onderwysdepartement in 1941 die Begripstoets afgeskaf en die punte vir die opstel saam met dié van die ander afdelings van die werk tot 60 uit 300 verhoog het, word die Begripstoets 'n jaar later (1942) in die Transvaal, en in 1943 deur die G.M.R. ingestel ter vervanging van die opstel. Vir die Vrystaatse Skool-eind-eksamen en die Nasionale Seniorsertifikaat van die Unie-onderwysdepartement is die Begripstoets in 1939 en 1944 onderskeidelik ingestel ten koste van die Vertalings uit Duits, en nie van die opstel nie. In 1943 is daar vir die Nasionale Seniorsertifikaat 'n maksimum van 40/200 punte aan die Vertalings uit Duits toegeken teenoor die 25 punte plus 15 vir die Begripstoets in die huidige praktyke, terwyl die afskaffing van die Begripstoets in die O.V.S. in 1947 tot 'n verhoging van die punte vir die Vertalings uit Duits (van 25 tot 45 uit 300) gelei het.

In die Vrystaatse leerplanne vind ons ook die interessante ontwikkeling dat daar gepoog is om keusevrae teenoor mekaar te stel as 'n toegewing vir die faktor van onsekerheid in sake die waarde van die verskillende afdelings van die werk in die leerplan. Ek verwys hier na die reeds genoemde alternatief van 'n Voorgeskre-

we teenoor 'n Vertalingsvraag, en die feit dat daar vanaf Desember 1950 'n tweede keuse gelaat word tussen die opstel en die begripstoets (45/300 punte), terwyl die punte vir die Voorgeskrewe Werk tot 90 verhoog word¹.

Waar al hierdie ontwikkelings onder die toesig van die Matrikulasieraad plaasgevind het, wil dit voorkom asof hierdie liggaam self nog in die duister verkeer het aangaande die rigting waarin ons onderwyspraktyke vir Duits behoort te beweeg, en die verskillende Onderwysdepartemente toegelaat het om heelwat metodes te beproef. Die periodieke instelling, afskaffing en her-instelling van verskillende afdelings van die werk deur dieselfde en verskillende eksaminerende liggame dien egter as 'n bewys dat daar langs hierdie weg nooit tot enige finaliteit geraak sal word nie, en dat die enigste aangewese metode vir 'n duideliker rigtingsbepaling, naamlik

- (i) 'n ondubbelsinnige uitspraak in sake die beoogde doel met die onderwys van Duits in Suid-Afrika waarby ons besondere landsbehoeftes en omstandighede in ag geneem sal word, en
- (ii) 'n beter insig en kennis in verband met die grondbeginsels van die psigologie van taalaanleer waarby die mees resente eksperimentele bevindings in die buiteland die nodige aandag sal geniet.

nog nooit deur hierdie liggaam op 'n wetenskaplike grondslag beproef is nie. Daarom sal daar in die volgende hoofstukke van hierdie verhandeling noukeurig op laasgenoemde gesigspunte in verband met Duits-onderwys in Suid-Afrika gelet moet word.

1. O.V.S. Onderwysdepartement: Omsendbrief aan Skoolhoofde gedateer 22 Junie 1948 (Prin. 26/1948).